DIE OLIELAMP

Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Kongresuitgawe

BEMOEDIGENDE HERINNERINGE

"*As ek my lewe voor my laat verbygaan, dink ek daaraan hoe ek opgetrek het na die woonplek van God, voor 'n skare uit na sy huis geloop het met gejuig en lofsang - 'n skare wat feesvier*" (Ps. 42:5)

Ons almal het al tye van ontmoediging en terneergedruktheid ervaar, tye wanneer die geloofsvlam laag brand, tye wanneer ons toewyding en oorgawe aan ons Meester afneem. Indien jy nou so 'n tydperk deurmaak, is dit noodsaaklik om te aanvaar en te onthou dat jy nie alleen staan nie. Die Bose gebruik al sy lis om jou van God se liefde te probeer vervreem. Maar laat jou dan bemoedig deur die wete dat God **elke dag** by jou is. Onthou met dankbaarheid en vreugde die tye toe Christus 'n lewende werklikheid in jou lewe was. Herinner jouself aan die warmte en die liefde van die gemeenskap van die gelowiges wat jy ondervind.

Kom ons maak hierdie kongres en ook die tyd daarna wat ons saam deurbring, só 'n herinnering. Kom ons raak weer bewus van God se ryk genade en laat ons na mekaar omsien in liefde en dankbaarheid.

Kaapstad redaksie.
Margreet

Die redaksie van *Die Olielamp* wens al sy lesers 'n geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar toe

INHOUD

Kongres '98	Kersfees op Kongres	Hein Smit	2
	Wie is beter: Kaap of Transvaal?	Maartje Eefting	3
	Wat sê ons kongresouers?		4
Voel jy ook so?	Voel jy ook so oor Bybelstudie?	Hilde Ros	5
	Let op jou woorde	Johan Moes	6
Reaksie	Hoe kies jy jou Jeug Sentrale (JS)		7
Rehobot	Nuwejaarsvoornemens		9
	Kongreslied		10
Pretoria	Warempel-aand	Iemke Buenk	10
	Was is pas echt M.A.F.	Christiaan Haak	11
Verjaarsdae			12
Kongres voorstudie	Talk and Chalk	Oom Arie Roos	13
	Is dit moeiliker om te glo as tien jaar terug?	Oom Kryn Haak	13
	Gemeenskap van die Heiliges as weermag	Marti van Renssen	15
	Bybelstudie en Gebed as bewapening	Ds Viljoen	16

KERSFEES OP KONGRES

Hein Smit

Hierdie is ‘n onderwerp wat baie aandag geniet as gesinne hul vakansieplanne begin bespreek. Weereens word die Kersfeesplanne in die wiele gery. Ma het beplan om die hele familie oor te nooi vir ‘n braai met Kersfees en as alles volgens plan verloop, sal daar nog familie van Holland ook aanwesig wees. Hulle was 18 jaar gelede laas in Suid-Afrika gewees en sien uit daarna om weer die son te geniet en die familie weer te sien. Maar ongelukkig is die kongres weer besig om ‘n stok in die fietswiel se speke te druk. Kongres is weer hierdie jaar in die Kaap en dit merk alreeds 3 lede van die familie afwesig by die kersfeesverrigtinge. Ongelukkig is daar ook geen keer aan die oudste se vakansieplanne nie, want hy korrespondeer al twee jaar lank met ‘n geliefde en hierdie kongres gaan hy nie mis nie en noodgedwonge kan die ander twee dus ook nie teruggehou word nie.

Die scenario speel jaarliks in baie huisgesinne af en dan word daar weer besin oor Kerfees op kongres. Argumente word op die tafel gegooi oor die feit dat die erediens versuim word, dit groot inbraak maak op die familiedag en dat dit normaalweg tydens kongres as ‘n normale dag hanteer word. Hoe staan ons daarteenoor? Wat is Kersfees? Is dit ‘n dag waar ons mekaar mag vermaak deur smaaklike geregte voor te sit en geskenke vir mekaar uit te deel? Of is dit ‘n dag waar ons weer stil mag staan by die feit dat Jesus Christus vir ons na die aarde gestuur is om vir ons sondes te ly, wat gepaard gaan met ‘n gedenking deur middel van ‘n erediens?

Eerstens verplig die Bybel ons nie om ‘n erediens op Kersfees te hou nie, maar net so word die kerkraad nie verplig om twee eredienste op ‘n Sondag te hou nie. Die kerkraad belê ‘n erediens en ons as gemeentelede is verplig om dit by te woon waar moontlik. Dis ‘n spontane manier om op ‘n Christelike wyse God te dank vir die groot geskenk en ook om vir sy hulp en leiding te bid. Net so word ons met ander Christelike gedenkdae soos Paasfees en Hemelvaart eerstens verplig om, waar moontlik, die erediens by te woon.

Tweedens moet ons ook daarop let dat ons die res van die dag die gebeurtenis bewustelik gedenk. Dit is nie altyd so maklik nie want as ons reken dat Hemelvaart ‘n normale werksdag is, word daar dikwels vanweë die dolle gejaag, onbewustelik, nie eers daarby stil gestaan nie. Waarop dit dus neerkom, is dat die verantwoordelikheid by ons rus om die eredienste by te woon en die dag bewustelik deur te bring.

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Iemke Buenk
Penningmeester: Johan Moes
Lede: Rinus Kamphuis
Andreas Boon
Tegnies: Bijker Broers (dieolielamp@usa.net)

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries
(johannes@ef.techpta.ac.za)
Penningmeester: Gerjan Hagg
Lede: Annemarie de Vente
Anneke de Jager

Kaapstad:
Artikelversorging: Erik van Alten
(luctor@mweb.co.za)
Margreet Moes
Finansies: Christine v/d Linden
Mirjam Raimond
Bladuitleg: Maartje Eefting

Johannesburg:
Redaktrise: Esther Kuyvenhoven
(secuplus@global.co.za)
Lede: Wolter Bijker
Marie-Louise Kuyvenhoven

Ons hoop om *Die Olielamp* 8 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R35 per jaar

Nou kom die groot vraag: Wat word van die gesinsdag? Dis ‘n ideale dag vir samesyn want dit val in die middel van ‘n vakansieseisoen en bied almal die geleentheid om mekaar weer te sien. Almal is in ‘n feestelike gemoed. Kongres word ook vir die tyd van die jaar geskeduleer om in die vakansieseisoen in te pas. So veel as moontlik mense moet op die Kongres geakkomodeer word. In plaas daarvan dat daar net een dag as gesinsdag gespandeer word, word daar ‘n hele week daaraan gespandeer. As jeug van die VGKSA mag ons die tyd saam beleef as die groot gesin. Op die kongres word daar referate gelewer, saam Bybelstudie gedoen, diskussies gevoer oor Chistelike en ander onderwerpe, diepe gesprekke gehou en ook word daar ontspan. Dat daar gebreke is, gaan ons nie ontken nie, maar dit bied die geleentheid om mekaar daarop te wys en te vermaan om so die strydswaard weer skerp te maak. Op sestienjarige ouderdom word enige jeuglid die geleentheid gebied om die kongres by te woon. Dit beteken dat hulle vir ‘n periode uithuisig gaan wees, wat daarop neerkom dat hulle self verantwoordelike besluite moet neem. Dis ‘n ryp ouderdom om te beweeg na selfstandigheid. Indien die geleentheid hom voordoen vir die kind om later uit die huis uit te trek, kan ek die ouers waarborg dat elke Sondag ‘n gesinsdag word, deels om verlore geselskap in te haal en om weer die weeklikse gesonde bord kos in te haal.

> Is Kersfees ‘n dag waar ons mekaar mag vermaak deur smaaklike geregte voor te sit en geskenke vir mekaar uit te deel? Of is dit ‘n dag waar ons weer stil mag staan dat Jesus Christus vir ons na die aarde gestuur is om vir ons sondes te ly?

WIE IS BETER: KAAP OF GAUTENG?

Maartje Eefting

Dis die kongres se gevreesde sokker wedstryd. Die toeskouers is meer opgewonde as die spelers self. Oor en weer word gegil oor wie nou eintlik die beste is. Dis amper die hoogtepunt van die kongres as die Kaap en Gauteng kragte meet. Dit is ’n groot geleentheid op die kalender. Lank word daar nog gespot met foute wat gemaak is en gespog met wendoele. Dit is groot pret en geskied in ’n goeie sportmansgees. Dit is alles goed en wel, maar die res van die jaar, as alles weer na normaal teruggekeer het, is daar spanning van ’n ander aard tussen die provinsies.

Ons is EEN jeug van EEN God – al woon ons meer as ’n duisend kilometer uit mekaar. Ons het almal deel aan die rykdom wat daar in Christus is. Ons is almal lede van EEN liggaam. I Kor 12: 12. Waarom is dit dan dat daar ’n gevoel van wedywering tussen die verskillende jeuggroepe is? Waarom is daar terreine waar ’n mens so taktvol iets moet oordra sodat die ander gemeentes se jeug nie seergemaak voel nie? Waarom moet ’n mens jou woorde só fyn kies sodat jy nie dalk die oorsaak dat een jeuggroep nie meer met iets saamdoen nie?

Dit is nie waar dat een jeuggroep minder “geestelik” as ’n ander groep is nie – almal is tog gelyk voor God? Ons is tog almal God se jeug? Daarom mag dit wel wees dat een provinsie ’n saak anders sal aanpak as ’n ander, maar dit maak nie van daardie provinsie ’n minderwaardige jeuggroep nie. Ons lewe in verskillende omstandighede en het verskillende gawes ontvang, maar ons is nogsteeds almal lede van EEN liggaam en ons het mekaar nodig om normaal te kan funksioneer. I Kor 12:14-19. Almal het ook nie dieselfde gawes gekry nie, want wat die een nie kan nie, dit moet die ander doen.

Ons moet nie teen mekaar wedywer nie, maar saamstaan. Ons kan baie vir mekaar beteken as jeuglede. Ons moet nie van mekaar verskil nie, maar van die wêreld. Ons moet nie kan uitstaan as Kaapse of Gautengse jeug nie, maar as God se jeug. Daarom kan jeuggroepe mekaar ook help deur mekaar op foute te wys, en duidelik vir mekaar die regte pad aanwys. Ons kan in mekaar se vreugdes deel. Ons kan die samesyn in die kongrestyd geniet. Ook tydens hierdie kongres kan ons van mekaar leer. Ons kan saam gesels oor dinge wat vir ons, as jeug van God, saakmaak. Is dit nie ’n voorreg wat ons as jeug het om aan te gryp nie? Ons staan nie alleen in die wêreld nie –

daar's nog jeuglede om die vreugde van kindwees van God mee te deel. Laat ons daarom die wedywering agterweë laat en ons saam beywer vir wat God van ons vra.

As ons dit voor oë hou, kan ons baie vir mekaar beteken deur met mekaar die wil van God te soek. Ons het 'n rykdom in die jeug.

"…maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien

nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was." Fil 2: 2- 5.

WAT SÊ ONS KONGRESOUERS?

Kongresouers was nog altyd 'n belangrike aspek van kongres en vanjaar is geen uitsondering nie. Omdat hulle nie meer vandag se kinders is nie (as ek reg onthou het hulle die voor-oorlogse kongresse tussen 1907 en 1911 bygewoon), het ons besluit om hulle te help deur die volgende vrae vir hulle te vra. Hulle kon dit dus net beantwoord. Hier is wat hulle te sê gehad het:

Hoe was kongres in julle tyd?
Lekker om sosiale en geestelike aktiwiteite saam met jeug van ander gemeentes te deel.

Wat verwag julle van hierdie jaar se kongres?
Ons wil graag betrokke wees by alle aktiwiteite en dit saam met die jeug geniet.

Hoe sien julle jul taak as kongresouers?
Ons verteenwoordig die gemeente en daarmee saam die ouerlike gesag. Ons assisteer die kampleiers met die uitvoering van hulle take. Ons moet toeganklik wees vir die jeug, in alle opsigte.

Watter rol speel die geestelike deel op die kongres?
Baie groot, dis waarom ons kongres hou.

Watter rol speel die sosiale aspek op kongres?
Ook baie groot. Aangename sosiale gees stimuleer eerlike en geestelike gesprekke met mekaar.

Wat sal julle reaksie wees as julle die volgende hoor: "die kongres is die huweliksmark van die VGK".
Dit is 'n negatiewe verwysing na die breë gemeenskap van die Heiliges. Dit is uiteraard nie waaroor kongres gaan nie, maar kongrespaartjies is tog oulik!

Een van julle take sal wees om die kongresvark te beoordeel. Op grond van watter kriteria sal julle dit doen?
Dit is 'n geheim!

Wat is julle mening oor die voortdurende kompetisie tussen Transvaal en die Kaap?
Dit dra by tot spangees. Solank dit nie fanaties raak nie.

Wie gaan die sokker en volleybal wen hierdie jaar?
Ton sê die Kaap.
Janneke sê Pretoria.

Wat sal julle doen as die jeug om drie uur die oggend in julle kamer kom en julle met waterbomme gooi?
Ons sal "worry" oor ons kinders se reaksies.
Ons jongste is nog skaars drie.
Dit is nie 'n lekker manier om wakker te word nie.

Dit is dus wat die kongresouers te sê gehad het. Dis duidelik dat hulle in alles met die jeug wil saamdoen, wel amper alles, want hulle wil nie om drie uur die oggend met waterbomme gegooi word nie. Ons leer ook van hulle dat die geestelike sy van kongres van die allergrootste belang is en laat ons dit ook ter harte neem.

Ton en Janneke Roos, dankie vir julle bereidwilligheid om saam met ons te kom kongres hou. Ons hoop regtig dat julle ook saam met ons sal leer en saam met ons sal geniet!

VOEL JY OOK SO OOR BYBELSTUDIE?

Hilde Ros

Hierdie is een van die werkswinkel-onderwerpe van die Kongres '98 – red.

Dit is 'n onderwerp waaroor ek die laaste tyd met heelwat verskillende mense gepraat het. Dit het my laat besef dat dit miskien goed sal wees om weer te besin oor Bybelstudie. Watter plek dit in ons daaglikse lewe inneem, wat die houding is waarmee ons Bybelstudie-vereniging toe gaan, wanneer ons gaan en hoekom ons gaan. Nie dat daar 'n slegte opkoms is nie. Inteendeel, dit is juis goed om redes te kan gee om weer opnuut te besef watter voorreg dit is om Bybelstudie saam met kinders van die Here te mag en te kan hou.

Bybelstudie saam met die jeug is vir my regtig 'n riem onder die hart, ondersteunend. Hoekom ek so sê, is omdat ek op universiteit so min mense teë kom wat dieselfde oor die geloof dink en voel soos ek (ons), behalwe nou vir gemeentelede. En party dae voel dit asof ek stoksielalleen in daardie geweste is. Om dan Dinsdagaande Bybelstudie te hou saam met mense wat dieselfde GLO as jy, wat dieselfde SIENINGS het, is dit soos salf oor 'n rou wond om te besef dat jy en jou gesin nie die enigste is wat (so) glo nie. Daar is egter baie ander mense ook en hulle verag jou nie altyd as jy byvoorbeeld eerder op 'n Sondag kerk toe gaan as om vir jou eksamen op die Maandag te studeer of op om op Sondagaand by Hatfield te gaan koffie drink en kuier nie.

Die gerusstelling vir my persoonlik lê nie soseer daarin dat almal sê: *"ek glo in God"* nie, maar eerder dat almal DOEN: *"ek LEEF vir die Here"*. So sien mens dan dat dade en woorde ooreenstem. Nie 100% nie, want ons is sondige mense, maar wel die strewe na 100% wat ons eendag op die Nuwe Hemel en Aarde mag beleef. Dit is dat God se Woorde ook ons woorde mag wees en ons dade dienooreenkomstig.

Maar hoekom juis Bybelstudie op 'n Dinsdagaand? Of hoekom juis klein seuns en meisies vereniging/Bybelstudie op 'n Vrydagaand van alle aande?! Dit is dan die UITGAAN-aand en die ATLETIEK-aand vir dié wat nog op skool is!? Hoekom hou ons dit nie ook maar op 'n Sondag nie? Dan hoef ek ook nie so baie tyd en petrol aan VERVOER heeltemal na EN terug van die kerk te spandeer nie!

Dit is min of meer hoe sommige mense dink. Ek wil ook 'n paar vrae vra. Hoekom wil mense dikwels al hul geloofsake en alles wat met die Here te doen het , op 'n Sondag afpak? Moet dominee nie ook maar katkisasie klasse op 'n Sondag begin hou nie? Dan het ons dus 'n goeie "gelowige" Sondag gehad, ons is gevoed vir die week en hoef nie weer aan die Here te dink tot volgende week Sondag nie.

Miskien is ek te kras of oordryf ek te veel, miskien ook nie. Maar is dit nie te gevaarlik en op 'n afdraande pad om alles onnodiglik op die Sondag af te skuif nie? En as ons dan Bybelstudie hou direk na die oggend-diens, gaan daar dan nie baie kosbare tyd verlore terwyl ons bande kon gesmee het met medegelowiges nie, of terwyl ons ná die kerk by die koffiedrink geleentheid het om eie gemeentelede asook gaste van naderby te leer ken nie? Of wat van die siekes, oues en eensames na wie ons moet omsien? Lees maar die artikel oor die vreugde van die sabbat in die November 1998 uitgawe.

Om ook op 'n Sondag met medegelowiges te kan praat, is 'n verdere riem onder die hart. Vir my voel dit altyd asof die Sondag 'n dag is waar mens luister na die Woord van God wat Hy deur sy prediker(s) aan ons bring en Dinsdagaande met Bybelstudie kan jy maar praat. Dikwels word van die onderwerp van bespreking afgedwaal. Aan die een kant is dit 'n goeie ding, want dan kry mens aktualiteit en dinge in die alledaagse lewe word bespreek. Aan die ander kant is dit negatief, want dit kan daarop dui dat onvoldoende voorstudie gemaak is en die mense dus nie meer iets het om oor die onderwerp te sê nie. Dan begin hulle sommer oor enigiets anders praat.

'n Slotopmerking: Waaraan MEET ons die sukses van 'n Bybelstudie-aand? Is dit nie 'n bietjie gevaarlik om dit te wil meet nie? Waaraan meet

God dit? Sê die feit dat persone opgedaag het, nie al meer as genoeg nie? Die feit dat hulle daar IS en daar WIL WEES? Is dit regtig nodig om altyd te MOET praat? Is twee woorde wat gesê is, nie dikwels van groter waarde as honderd woorde wat gebrabbel is nie? Ek dink ons moet baie versigtig wees om sommer te oordeel. En hoekom sal sommiges niks sê nie? Omdat hy/sy besig is om iets in die Bybel op te soek? Miskien het hy/sy baie klippe om te kou oor iets wat die vorige ou gesê het? Miskien ‘n slegte dag gehad en net een woord sal die trane laat rol? Weet miskien nie wat om te sê nie? Bang hy/sy word uitgelag of sy/haar woorde kom skeef en hakkelend uit?

By die Here maak dit nie saak hoe baie of hoe min jy praat nie en of jy lag of huil nie. Hy kyk dieper. Hy kyk na jou hart.

LET OP JOU WOORDE

Johan Moes

Daar is baie goed waaraan ‘n mens kan sien watter tipe mens 'n persoon is: Aan die motor waarin hy/sy ry, die klere wat die persoon dra (die vere maak die voël), aan die werk wat die persoon doen en hoe hy/sy dit doen, hoe die persoon met ander en met homself omgaan, hoe die persoon se leefomgewing lyk. Die laaste een wat ek wil noem, maar die belangrikste een is: dit wat die persoon sê.

Ek geniet dit altyd om na al die verskillende mense se verhale te luister, en kan so nou en dan ook my eie ding sê. Die een persoon is skaam en luister net die heel aand, terwyl die ander al sy verhale so ‘n bietjie opblaas om die aand die aandag te steel. Wat ons sê reflekteer wie ons is - waar die hart van vol is loop die mond van oor. As ‘n persoon ‘n oorwegend ernstige mens is, sal hy/sy nie saampraat in die kring van die spotters nie, maar praat oor die politieke, ekonomiese, mediese, ens. ontwikkelinge in die land. As die persoon nuusdraerig is sal hy/sy ook ‘n eiertjie lê as daar oor ander mense se privaat dinge gesels word. ‘n Gelukkige mens sal oor die mooi en lekker dinge in die lewe praat, terwyl ‘n mens wat baie gespanne is sal fokus op die 27 dinge wat verkeerd kan gaan by elke besluit of gebeurtenis. Iemand wat graag ‘n huweliks-maat wil hê sal - as dit nie ‘n skaam persoon is nie - gereeld praat oor die teenoorgestelde geslag. ‘n Belese persoon sal praat oor iets anders as homself en die "kultuurlose Filistyn" oor sy naweek se drankmisbruik en al die ander “stoere” dinge wat daarby hoort.

Dink dus ‘n bietjie na waaroor jy alles praat. Dink ook na of jy daarvan hou om te praat soos jy praat. Baie keer is ‘n mens by vriende waar ‘n mens totaal uit die bus uit sal val as jy oor sekere dinge praat, dus pas ‘n mens maar aan by die sfeer om jou vriende nie af te stoot nie. Die omstandighede waarin ‘n mens groot word speel sekerlik 'n baie groot rol in die manier waarop en die dinge waaroor ‘n mens praat. As pa vloek, vloek die kinders. As ma baie skinder, skinder die kinders. As ouboet met die deure gooi as hy kwaad is, doen kleinboet dit ook. Dit is egter ‘n baie onvaste reël, maar ek glo tog dat dit baie waar is. ‘n Mens kry egter ook wel opgevoede ouers met kriminele kinders. Baie mense tree anders op juis om aandag te kry, byvoorbeeld deur skokkende dinge te sê, te doen of deur die klere wat hulle dra.

Gewoonlik is die mense wat baie praat die mense wat sleg kan luister. Daar is egter ‘n “groot euwel” in ons tyd, die moderne kommunikasiemiddels, wat ons al hoe luier maak om ons in te span om te luister. As ons dink aan videos, transparante, rekenaarprogramme wat met beeld en klank iets presenteer en al die ander moderne kommunikasie hulpmiddels wat ingespan word in die klaskamer, op die werk en in die ontspanningswêreld dan is dit verstaanbaar dat dit moeilik is om jou aandag te hou by iemand wat op een toon praat oor ‘n onderwerp wat jou nie so interesseer nie. Oor luister sê die Bybel in Spreuke 18:15: *“Hy wat antwoord gegee het voordat hy gehoor het, vir hom sal dit 'n sotheid en 'n skande wees.”* en in Spreuke 20:12: *“'n Oor wat hoor en 'n oog wat sien, die Here het hulle altwee gemaak.”* Om die regte woorde te spreek moet daar eers geluister word sodat ons met kennis kan praat en ons nie as beterweters altyd die laaste woord wil sê nie.

In die Ou Testament word daar baie gewaarsku teen die verleidende woorde van die vreemde vrou. Ons lees hiervan in Spreuke 5:3: *“want die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie*” en in Spreuke 7:5: *“Sodat hulle (die wysheid) jou kan bewaar vir die vreemde vrou, vir die ontugtige wat met haar woorde vlei”*. Sien ook Spreuke 7:21 en 22:14. Eers die gedagte dan die woorde en op die einde die seksuele sonde. Dit is volgens my verbode om grappe te maak oor die seksdaad of die

geslagsorgane van ‘n mens. Ons liggame moet ‘n heilige tempel van God wees, ook in ons woorde. Die seksuele sonde is nie die enigste sonde wat deur ons woorde gestimuleer word nie, ons lees hiervan in Spreuke 18:8: *“Die woorde van die kwaadstoker is soos lekkernye, en dit gly af na die kamer van die binneste.”* Ons kan dus teen elke gebod van God sondig deur die woorde wat ons sê. Let dus daarop dat jou woorde skoon is en dit nie jou naaste aanspoor om sonde te doen nie. Die groot dryfveer agter die sekularisasie van die mens is die dinge waaroor ons praat. As daar normaal gepraat word oor die verkeerde dinge word dit vir ons ook normaal.

Ons woorde moet altyd waar wees, selfs as ons ander daardeur kan seer maak, natuurlik nie doelbewus nie. Daar is baie geskryf oor die leuenagtige mense in die Bybel. As daar gepraat word in Spreuke 6:17 en 12:22 oor die dinge wat God haat, is die leuenagtige tong een van hulle. *"'n Leuenagtige getuie kom om; maar 'n man wat goed toeluister, spreek vir altyd"* (Spreuke 21:28). Ons kan hier dink aan Ananias en Saffira.

Daar moet in ons woorde geen strategie wees nie, geen versteekte agenda, dit moet reguit en opreg wees. Oppas egter om die **regte woorde** op die **verkeerde tyd** te sê, as ‘n mens gespanne is kan die waarheid iemand laat ontplof en die persoon tot sonde dryf. As iemand in ‘n emosionele toestand is kan die waarheid die persoon op die oomblik nog verder seermaak. In hierdie situasies moet ‘n mens nie lieg nie, maar dan geld die volgende tekste: Spreuke 25:11: *“Goue appels op versierde silwerborde, so is **'n woord op sy tyd** gespreek.”* Spreuke 15:1:*”'n **Sagte antwoord** keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom.”* Spreuke 15:4: *“**Sagtheid van tong** is 'n lewensboom, maar valsheid daarin is verbreking in die gees.”* Spreuke 15:23: *“'n Man het blydskap in **die regte antwoord** van sy mond, en hoe goed is '**n woord op sy tyd.**”* Spreuke 12:25: *“Bekommernis in die hart van 'n mens druk dit neer, maar 'n **vriendelike woord** vrolik dit op”* en laastens Spreuke 15:28: *“Die hart van die regverdige **dink na om te antwoord,** maar die mond van die goddelose laat slegte dinge uitborrel*”

Daar word baie keer van mense gesê: *“Jy moenie sy/haar woorde te letterlik opneem nie, hy/sy praat te veel”* of *“jy moet sy woorde met ‘n knippie sout vat.”* Dit is wys om nie te veel te sê nie. Ek wil die volgende tekste hiervoor aanhaal: *"By veelheid van woorde ontbreek die oortreding nie; maar hy wat sy lippe inhou, handel verstandig"* Spreuke 10:19. *"Het jy 'n man gesien wat haastig is in sy woorde? Vir 'n dwaas is daar meer hoop as vir hom"* - Spreuke 29:20. *"Die verstandelose verag sy naaste, maar 'n verstandige man bly stil"* – Spreuke 11:12. *"Wie sy woorde inhou besit kennis; en hy wat kalm is van gees, is 'n man van verstand. Selfs 'n sot sal as hy swyg, vir wys gereken word; as hy sy lippe toehou, vir verstandig"* – Spreuke 17:27,28. Stilbly is ook ‘n antwoord, ‘n antwoord op sotheid. Dit is wys om die regte woorde te spreek en soms nog wyser om stil te bly. Jesus het dit ook herhaaldelik met die Fariseërs gedoen om hulle te laat nadink of te laat skaam kry.

Dit wat ons sê kan iemand tot moord of selfmoord dryf, dit kan verhoudings en huwelike verniel. Dit kan soveel haat en jaloesie in ons opwek dat ons nie meer met mekaar kan saamleef as kinders van God nie. Die woorde wat ons sê kan mense se selfbeeld so afbreek dat hulle in inrigtings beland vir geestessiekes. DINK DUS NA OOR ELKE WOORD WAT JY SÊ, WANT JY KAN HULLE NIE ONGEDAAN MAAK NIE. Voordat ‘n mens iets sê, dink na oor die gevolge van ‘n mens se woorde. Opbouende kritiek is nodig op sy tyd. Dit verg baie wysheid om die regte woorde te spreek en om hulle op die regte tyd te sê. Die wysheid is ‘n gawe van God en kan slegs ontvang word deur gebed. Maak jou gedagtes en lewe skoon en dit waaroor jy sal praat sal ook skoon wees. Om reg te praat is dus om in totaliteit reg te leef.

Reaksie-kolom

HOE KIES JY VIR DIE JEUGSENTRALE?

Geagte leser,

Dit is amper die einde van die jaar 1998. Ons kan amper terugkyk op nog ‘n jaar wat die Here aan ons gegee het, en waarin Hy vir ons so baie dinge gegee het wat ons mog gebruik tot eer van sy Naam. Heel waarskynlik is daar in elke gemeente ook al nuwe lede vir die JS (Jeugsentrale) gekies en aangewys, en is hulle reg vir 1999.

Miskien is hierdie aanmoediging bietjie laat, maar liewer laat as nooit. En dis ook nie te laat om te

besin oor wat ‘n JS is, en wat mens in gedagte moet hou as jy kies vir lede op die JS.

Wat is die JS? Is dit ‘n **J**eug **S**ocial? Of miskien ‘n **J**eug ge**S**ukkelary? Of **J**eug **S**ubsidie? Of sommer net **J**a **S**ommer? Die woord **J**eug**S**entrale is nie almal se gunsteling woord nie. Maar dit beteken dat sake rakende die opbou van die geloof van ons jeug daar behartig word.

Die ope vraag is miskien: Is die JS verantwoordelik vir die jeug se geloof? Moeilike vraag? Die antwoord is eenvoudig: In die gemeenskap van die heiliges dra ALMAL verantwoordelikheid vir die ander se geloof. Ons moet na mekaar omsien en mekaar ondersteun.

Die JS is in die eerste plek verantwoordelik vir die voortgang van die Jeugverenigings – daar waar ons saam as jeuglede die Woord van die Here bestudeer om ons geloof in ons drie-enige God te versterk, en waar ons weer met die ongelooflike ryk en blye inhoud van die Evangelie vertroos word. Daarmee saam is ook die reël van minikongresse en kongresse en allerhande dinge waarby die gemeenskap van die “jeug”-heiliges belangrik is. Daar waar ons as verloste kinders van die Here op georganiseerde wyse saam mag wees in allerhande aktiwiteite wat in diens staan van ons Vader in die hemel. Daar waar al die aktiwiteite ‘n deel vorm van ons dankbaarheidslewe voor die Here, omdat Hy ons verlos het van ons sondes.

Is die JS dan ‘n ‘elite’groep in die jeug wat ‘n trappie bo die ander staan? Werk dit soos in ‘n presidentsverkiesing waar die voorgestelde lid soveel moontlik stemme moet kry? Is die JS ‘n plek om te probeer infiltreer om te wys dat die vorige jaar se JS ‘swak’ werk gedoen het, en om te bewys hoe goed ons dit hierdie jaar gaan doen? Is die JS ‘n plek waar ons graag die gewilde jeuglede wil hê? ONS eie leiers soos wat ONS dit op demokratiese manier verkies het?

Realiseer ons nog hoe ‘n geweldige verantwoordelike werk die JS het? As dit gaan oor die opbou van mense se geloof? As dit gaan oor werk in die gemeente van ons eie Here Jesus Christus en oor werklike DIENS aan ons almagtige Vader in die hemel en aan mekaar? Kies ons dan mense vir die JS wat populêr en gewild is – of kies ons mense wat regtig die belangrike werk in die JS sal kan doen? Dit is dus so eenvoudig soos **verantwoordelik** of **onverantwoordelik** kies! Sal ons byvoorbeeld in die geval van ouderling-verkiesings sommer net iemand kies? Of gaan dit daar oor broeders wat kan leiding neem in die gemeente? Dra ons nog sulke belangrike verkiesings soos van ouderlinge en JS-lede in gebed aan die Here op? Dat Hy ons wysheid sal gee om reg te kan kies vir wat die beste is vir SY gemeente? Mens kan nie sê dat die JS die ouderlinge van die jeug is nie. Maar tog het die JS ook ‘n baie belangrike diensfunksie in die gemeente met verwysing na die jeug as deel van die gemeenskap van die heiliges.

‘n Ernstige beroep word op almal gedoen om ons algemene gedagtes oor, en ons houding teenoor die JS weer te gaan ondersoek. Maak nie saak of jy jeuglid of JS-lid is nie. En mag ons houding ook werklik bepaal word deur wat die Here van ons vra! Ons is sy verbondskinders. Hy het ons vrygekoop uit die sonde en die dood en ons geplaas in die ewige LIG! Sal ons dan nog ondankbaar wees vir sy genade – en net fokus op ons eie belange?

Aan al die JS’e vir 1999: Alle sterkte word aan julle toegewens in die taak wat voorlê. Mag die Here julle daarvoor die krag, insig, deursettingsvermoë en wysheid gee – om die verantwoordelikhede in die JS ten volle te kan nakom. En gelukkig mag ons met ons HELE hart op die Here vertrou dat as ons die werk regtig tot opbou van sy Koninkryk wil doen, dat Hy dit ten volle sal seën!

En aan al die jeuglede vir 1999: Dra die JS konstant in gebed op voor die Here, omdat die Here hulle met hul spesifieke taak wil gebruik in sy Koninkryk. Ondersteun hulle in hul verantwoordelike taak en gee aan hulle opbouende terugvoer oor wat hulle alles doen.

Mag ons almagtige God en hemelse Vader ons as jeug in 1999 bewaar en ons naby wees deur ons Here Jesus Christus, en ons elke dag versterk, bemoedig en vertroos deur sy Woord en Heilige Gees.

JV-lid

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

NUWEJAARSVOORNEMENS

Ons staan aan die einde van 'n baie suksesvolle jaar. Kan dit nóg beter gaan? Die Kaapse jeug het 'n klomp nuwejaarsvoornemens vir die jaar wat voorlê…

MA SE KIND…
Ewart wil al sy groentes opeet terwyl Antionette haar voorneem om al haar samies se korsies ook te eet.

BESORGD OOR ANDER(?)…
Jaco sê hy gaan minder praat om Ewart darem ook 'n kans te gee. Floris wil graag vir Ernst leer vuurmaak, vir Marco leer perdry en vir Jacques leer om op te hou om in die kerk sy neus te krap. Jacques gaan nou maar begin om in die kerk sy neus te krap sodat Floris iets het om hom mee besig te hou.

NIE TEVREDE MET HULSELF NIE…
Corrien het besluit om in die komende jaar goedgunstiglik 10-15cm van haar lengte aan behoeftiges te skenk, terwyl Riaan hom voorneem om nie moed op te gee met sy "diet" nie. Erik van Alten wil nóg groter en sterker word; hy is duidelik Monique se idool, want sy wil net soos hy lyk. Geerarda (alias Padda) wil 'n paar veranderings aanbring…sy wil hoër spring, vinniger swem en harder kwaak. Ernst vra net 'n plat en ferm maag.

PARTY MIK HOOG…
Karen wil graag duik (die lewe in?). Johan Snyman gaan altyd die bul by die horings pak. Sandra en Marco wil nog liewer wees. Elizma wil ALLES wat sy doen tot die beste van haar vermoë doen. Clara sê sy gaan die beste van alle slegte sake maak. Theo de Vries gaan probeer om volgende jaar te LEWE. Christine van der Linden sê sy gaan nie weer nuwejaarsvoornemens maak nie…

ANDER WIL 'N SLEGTE GEWOONTE AFLEER…
Erik Raimond wil in 1999 altyd betyds wees; so ook Anél wat wil ophou draai. Johan Visser wil ophou rook. Peter sê hy gaan nie meer vir Taxi's vloek nie. Mirjam wil ophou Nik Naks eet by die Tech (Hoekom so, Mirjam?).

DIE STUDENTE…
Frank is van plan om sy kursus volgende jaar suksesvol te voltooi. Magda wil harder leer en Riana wil na die beste van haar vermoë presteer. Magdel wil graag haar honneursgraad vang. Maarten sê dat hy volgende jaar meer tyd aan skool wil bestee… hy sal elke dag 'n uurtjie afstaan! Christine Scheltens gaan volgende jaar haar studentelewe voluit geniet. Herman wil meer sport doen en Maartje wil 'n goeie balans kry tussen "social" en studeer.

NOG GOEIE VOORNEMENS…
Lieneke wil graag agtien word. Morné wil graag 'n goeie voorsitter vir die jeug wees. Roseanne wil haar "driver's licence" haal. Arjan gaan alles beproef, maar die goeie in alles behou?!?

Wat sou die nuwejaar vir almal inhou???

KONGRESLIED



Hierdie lied is op die wysie van "Ireland", die Ierse volkslied, wat tydens die rugby-wêreldbeker gebruik is. Eerstejaars, julle kan maar solank begin leer hieraan!

aan die voet van die Magaliesberg

WAREMPEL AAND (TALENTE AAND)

Iemke Buenk

Dit was 'n *bere* gesellige aand wat deur die vereniging "Ligdraers" gereël is.
Oud, jonk, kinders nat agter die ore ens. was die aand aanwesig. Daar was heerlike kos wat tussen die toneelstukke bedien is deur lede van die vereniging; te kies en te keur. Van lekker Hollandse krokette tot oliebolle tot 'n *broodjie gesond* (daar is selfs rekening gehou met die vrouens wat aan hulle "lyn" dink).
Hannes Venter was die seremonie monster en het die mense aan die lag gehou met sy plattelandse stem en grappe – *"Ja broers hy issie van hier nie"*. Verder het ons die aand geniet met al die talente wat na vore gekom het. Die Jurie wat bestaan het uit Hilde de Visser, Oom Berend Kamphuis, Fyma Luyk en Freddie Haan het 'n moeilike job gehad om te kies tussen die klomp stukke.

Daar was die van der Horst gesin wat saam 'n stuk opgevoer het met klavier, gitaar en solo-sang. Dan het almal die slappe lag gehad vir die gebroeders van Houwelingen; hulle sou vir Toon Hermans laat skaam kry het. Die Soshanguve koor het vir ons 'n paar pragtige stukke gesing. Marieke Admiraal en kie wat die Rooikappie en drie varkies opgevoer het was ook 'n reuse sukses. Arjen Buenk en Dirk Boon het 'n stuk gespeel op gitaar en klavier. Die Johannesburgers het 'n paar van die Gautengers uitgevang met 'n telefoon oproep. Hulle het hulself voorgedoen as vreemdelinge, die ander persoon gebel en die gesprek opgeneem. Die persone wat daar onder gelei het was Oom Bijker, Annelieke de Vries en Ds. Nel. Daar was verder nog sang en gitaar van Henriëtte Ros en Anita Zielman. Oom Henk Schuring het nog 'n skreeusnaakse gedeelte gelees uit 'n boek.

Die laaste toneel was meer op 'n ernstige trant. Die Olielamp-redaksie het meer vertel van die Olielamp en hoe die blad inmekaar steek, wat die bedoeling is van die blad en hoe ons 'n ligtende lig kan wees hier op aarde deur middel van die blad.

Die aand is beëindig deur 'n veiling. Al die kos wat oorgebly het moes verkoop word. Met die suinige Hollanders het dit 'n tydjie gevat maar op die ou einde was alles verkoop.

So nogmaals baie dankie vir die vereniging Ligdraers, dit was regtig 'n suksesvolle aand!

WAT IS PAS ECHT MAF

Christiaan Haak

Het platform

De Mission Aviation Fellowship (M.A.F.) is een organisatie met meer dan 180 vliegtuigen. Hier werken meer dan 200 vliegers, 100 man technisch personeel, meer dan tienduizenden ondersteuners in gebed en financieel. Al deze energie wordt al meer dan vijftig jaar ingezet om te helpen bij de verspreiding van het Evangelie in meer dan 100 landen in deze wereld. Elke vijf minuten stijgt of land er ergens in de wereld een vliegtuig van de M.A.F. Er wordt voor allerlei doeleinden gevlogen die met de ontwikkeling van het desbetreffende land te maken hebben, maar met name voor de zending. Er wordt gevlogen op plaatsen waar de wegen eindigen en waar andere organisaties, zoals bijvoorbeeld de overheid, niet vliegen. Het vliegen leverd met name heel veel tijdbesparing op. Bijvoorbeeld: Een dag lopen door het oerwoud kan in 10 minuten gevlogen worden. De grootste basissen zijn in Irian Jaya, Papua Nieuw Guinea en Congo. Het afgelopen jaar is er enorm veel in Indonesië gevlogen vanwege alle branden die daar gewoed hebben. Er werden grote hoeveelheden voedsel van de kust naar het binnenland gevlogen.

De M.A.F. vliegt in de categorie ‘kleine luchtvaart’ dus met vliegtuigen, veel eenmotorig, die door een persoon bestuurd mogen worden. De meeste vliegtuigen zijn van het type Cessna, die door middel van sponsoring of akties binnen onder andere de kerken gekocht kunnen worden.

"Waarom is het belangrijk dat dit in de Olielamp staat?" zul jij je waarschijnlijk afvragen. Het is belangrijk dat je beseft dat er vele organisaties zijn die zich besig houden met zending. Het is niet alleen de zending van de kerk en het werk van de Verre Naasten. Zo zijn er bekende organisaties als Open Doors, AWZ (Arabische Wereld Zending) en nog vele andere uit een uiteenlopend aantal landen. Iedereen is bezig met het vertellen of helpen vertellen van het Evangelie van Jezus en dat Hij verlossing kan geven aan een ieder die in Hem gelooft. De M.A.F. vliegt voor al deze organisaties en is dus nauw betrokken bij al deze zendingsorganisaties. Ik wil graag meer vertellen over de M.A.F., omdat ik mijzelf aan het voorbereiden ben om bij deze organisatie te gaan werken.

De aanloop

Zoals een vliegtuig een aanloopbaan nodig heeft om op te stijgen zit er voordat je bij de M.A.F. kunt gaan werken een tijd voorbereiding aan vast. Deze tijd, ongeveer vijf jaar, wordt het meeste gevuld met het krijgen van vliegervaring. Om je te kunnen aanmelden moet je tegen de 700 uur ervaring hebben met vliegen. Dit is het moeilijkste om dit rond te krijgen aangezien vliegen niet de goedkoopste bezigheid is. Tijdens dit vliegen moet je allerlij examens doen om *commercial pilot* te worden en onder andere instrument leren vliegen. Je moet namelijk goed voorbereid zijn om in gebieden te vliegen die vaak onherbergzaam zijn. Waar je op al je ‘skills’ elke dag weer in wordt uitgetest. Je moet veel vliegen in waar jij de enige zult zijn die de beslissing kunt nemen. Er is daar bijvoorbeeld geen weerstation die je kan vertellen wat het weer zal gaan doen in de komende uren. Ook zijn het vaak gebieden die niet nauwkeurig in kaart gebracht zijn. Je bent in dit alles wel verantwoordelijk voor de passagiers die je vervoerd. Naast vliegen moet je ook een monteurs opleiding volgen om zelf als het nodig is je vliegtuig te kunnen repareren en te reviseren en allerlei inspecties te kunnen uitvoeren. Ook moet je een jaar bijbelschool gevolgd hebben. Dit is onder andere om duidelijk te kunnen uitleggen aan, ondere andere de mensen waar je mee vliegt of werkt, wat het werk van onze Heer is. Ook kun je problemen van de zendelingen beter begrijpen en misschien hen ook bijstaan.

Ik ben zelf opgegroeid in de zending van Irian Jaya en ben mijzelf aan het voorbereiden om dit werk te gaan doen. Ik heb in Nederland aan de HTS in de Amsterdam Vliegtuig Operatie gestudeert en ben daar in juni 1997 aan afgestudeert. Daarna heb ik in Zeist een jaar bijbelschool, richting Zending en Evangelisatie,

gedaan. Hiervoor heb ik stage gelopen in Zuid Afrika. Tijdens deze stage heb ik Marieke de Wit leren kennen en nu hopen we samen als verloofden ons verder voor te bereiden om zo binnen de zending aan het werk te kunnen. In april 1997 had ik mijn eerste vliegbrevet gehaald en ik heb afgelopen kwartaal 100 uren ervaring opgedaan in Zuid Afrika. Ik heb nu rond de 200 uur gevlogen en er moeten er nog vele volgen. Maar ik ben de Here dankbaar dat Hij mij zover heeft geholpen en mij de kracht heeft gegeven om elke keer weer de lucht in te kunnen en veilig thuis te kunnen komen. In de komende drie jaar hopen wij samen de rest van mijn opleiding te kunnen afronden en dan ons aan te melden bij de M.A.F.

De cruisevlucht

Ik wil graag afsluiten met een greep in de toekomst. Ik wil graag nu al in het begin zeggen hoe het leven van een medewerker van de M.A.F. eruit zal zien. Een van de eisen die zij stellen is dat je zelf in je inkomen zal gaan voorzien. Je bent dus eigenlijk een vrijwillig werker. Je moet zelf dus voor sponcoring zorgen die genoeg zal zijn om van te leven. Dit zal tijdens je opleiding en de rest van je leven zo zijn. De M.A.F. is een zogeheten non-profit organisatie en op deze manier kunnen zij hun diensten voor de zending goedkoop aanbieden. Ook de opleiding die rond de 100.000 gulden bedraagt zal voor het grootste gedeelte afhankelijk zijn van sponcoring. Dit zijn allemaal zaken die wij in de toekomst en nu proberen recht te krijgen. Zonder deze steun is het onmogelijk om dit werk te kunnen gaan doen.

Tot slot wil ik jullie graag vragen om in het gebed aandacht te geven voor het volgende punt. Ik wil bij jullie alle vliegers onder de aandacht brengen die nu elke dag weer in een klein toestel klimmen om te gaan vliegen voor het grote werk van onze Heer. Vraag Hem of Hij hen nabij wil zijn op al hun vluchten, hun kracht wil geven om hun werk goed te kunnen doen. Dat er ook zegen vanuit mag gaan, maar bovenal dat hij hen in hun geloof wil sterken dat zij daar kracht uit kunnen putten om door te kunnen gaan. Het leven op het zendingsveld is namelijk niet altijd zo romantisch als soms wel gedacht mag worden. Gemis van bekenden en familie kan knagend zijn. Gebed door anderen is dan een grote steun. Bid daarom vooral voor hen.

Voor nadere informatie over de M.A.F. kun je terecht op http://www.maf.org of kun je schrijven naar mij op het volgende adres:

Christiaan Haak
Zilverschoon 86
8265 HC Kampen
Nederland
HaakCJ@plant.nl

Meer informatie over de financiele toestand van mijn opleiding op

monniqueh@hotmail.nl

VERJAARSDAE

Loof die Heer met blye klank,
Loof sy naam, bewys Hom dank;
Want sy goedertierenheid
Sal bestaan in ewigheid!

Baie geluk aan almal wat verjaar, hoop dit sal ‘n vreugdevolle dag wees!

Pretoria & Maranata

Desember 1998

1 Johan en Willem Sterk
6 Brenda Slump
9 Gerda de Jager
11 Dirk Boon
17 Dirk de Jong
19 Ronel Van der Linden
20 Pauline Visee
26 Maryke Hutten
28 Timo Schuring

Januarie 1999

3 Jopie van der Linden
4 Gerjan Hagg
6 Andreas Boon
7 Ronnie Van der Veen
9 Hans De Wit
12 Astrid van der Sluis
13 Anton Sterk
14 Erik de Vries
17 Arnoud van den Bout
18 Marinus de Jager
22 Janet Ros
29 Ferdinand Kerkhoff
Daniël van der Meulen

Kaapstad

Desember 1998

7 Peter Raimond
8 Jaco Haak
9 Erik Raimond
20 Johan Visser
30 Morné Jolie
31 Magda Geleijnse

Januarie 1999

18 Johan Snyman
20 Helmut van Dalen
20 Erik van Alten
24 Riana van der Lugt

"TALK AND CHALK"…

Arie Roos

…is 'n beproefde onderrigmetode.
Ons ken dit: die onderwyser, dosent of lektor staan voor die klas, vertel sy storie en skryf die belangrikste items van sy verhaal op die bord. Afhangende van die tipe onderwys of onderwyser staan dit die leerling/student vry om dit af te skryf.
Die stroom van informasie is eensydig, van die dosent na die leerling wat veronderstel is om dit soos 'n spons op te neem.
Afhangende van die kapasiteit van die spons, is dit 'n kwessie van maksimaal dertig minute. Ek het egter al situasies gesien waar na vyf minute die versadigingspunt bereik is en die student die vermeerdering van kennis verruil vir die genot van die nirwana.

'n Kongres is geen uitsondering nie. Dis warm en die jong omie (of die ou omie - ek is so een) kannie ent kry met sy referaat nie. Die inligting stroom van die omie (of dalk tannie) na die kongresdeelnemer wat passief luister, wat voorgee om te luister of wat sy gedagtes salig laat afdwaal na groener weivelde.
Ek verstaan dat die kongres se formaat verlede jaar suksesvol verander het van 'n lesing met groepsbespreking na 'n werkswinkel. Hierdie jaar wil die Kaapse kongres-komitee dieselfde doen.
Daar is nie meer referate nie, maar fasiliteerders wat nie veel meer doen as om te luister na wat julle wil sê nie. Met ander woorde, die bal is nou aan julle kant en daar word van julle verwag om dit na die fasiliteerde toe terug te speel. Hoe?
Ek is self so'n fasiliteerder en ek sou die volgende van julle verwag.
Stel die kongrestema is "Ek is lief vir die Kaap". Terloops, dis net 'n stelling en nie noodwendig die waarheid nie.

Van julle sal eerstens gevra word om die kernwoorde in hierdie stelling te identifiseer. Veronderstel julle besluit dis "ek", "lief" en "die Kaap". As 'n tweede stap sou ek van julle verwag dat julle hierdie kernwoorde definieer. Wat bedoel julle met "ek" - is dit "ek" as ek op vakansie is of is dit "ek" as ek in die Kaap moet bly. Of met "lief" (hoe lief?) en "die Kaap" - Gordon's Baai, Bellville of Plattekloof? In die derde plek sal julle aan die einde van die werkswinkel moet probeer om uiteenlopende standpunte te versoen sodat die lede van die werkswinkel met 'n meer of minder eenstemmige besluit vorendag kan kom. Byvoorbeeld, julle kan besluit dat julle lief is vir die Kaap net vir vakansie periodes, maar net nie lief genoeg is vanweë die Suid-Ooster wat altyd waai en liewer in Simonstad sal bly as in Caledon (albei is in die Kaap). Dis julle besluit en nie die fasiliteerder s'n nie. Hy fasiliteer net.
Verstaan julle dat dit julle is wat praat, dat dit julle is wat gedagtes moet formuleer en dat dit julle is wat besluit?

IS DIT VANDAG MOEILIKER OM TE GLO AS 10 JAAR TERUG?

Kryn Haak

Om as 17 jarige jeuglid hierdie vraag te beantwoord is baie moeilik, selfs onmoontlik. Tog dink ek is dit 'n belangrike vraag om te beantwoord vir die jeug en vir die ouers van die jeug.

As 'n ouer van 'n 17 jarige seun moet ek positief antwoord op bogenoemde vraag.
Dit lyk of pa, ma, oupa en ouma soveel minder moeite ondervind het om te glo in die boodskap van Gods Woord. En in bepaalde opsigte is dit ook so.
Hulle is in 'n mindere mate gekonfronteer met **groot lewensprobleme**. En daar is menige oorsake wat ons daarvoor kan aanwys. Ek noem net 'n paar.

Die laaste wêreldoorlog, atoombomme, natuurrampe, honger, ellende, onreg in die wêreld en die toenemende geweld, vigs ens. Dit alles

word dramaties deur die televisie in ons huis-kamer ingebring. Hoe is dit moontlik dat God dit alles toe laat? Hoekom gryp Hy nie in nie?

Probleme rond die Bybel: die ouderdom van die Bybel, skepping en ewolusie, die onstaan van die Ou en Nuwe Testament. Vrae oor aborsie en genadedood ens. Met allerhande antwoorde op vrae was hulle vroeër makliker tevrede as vandag. En wat staan die eenvoudige mens te doen wat nie in staat is om al die wetenskaplike ondekkings te beoordeel nie? Kan ons eers werklik glo wanneer ons sekere wetenskaplike vakgebiede onder die knie het? Wat van die woorde van die Here Jesus :"Ek prys U, Vader, Here van die hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het."(NV) Mattheus 11:25,26.

Vroeër het ons (ouers) 'n lysie van **moets en moenies** gehad. En in die meeste gevalle het ons presies geweet waar ons staan, wat 'n mens moes glo.
Dit het ons 'n gevoel van sekerheid en veiligheid gegee, dit het 'n bepaalde lewenspratroon opgelewer.
Ook ons **kulturele afkoms** het veroorsaak dat mense sekere dinge nie bevraagteken bv. dat ons sekere dinge gedoen het en ander dinge nagelaat om te doen, omdat hulle gedink het ons is Hollanders, inplaas van om na ons Christenskap te kyk. Dit het verander! Ons ouers is hier gebore, ons kan skaars Nederlands praat en om alles te kroon het ons selfs inheemse predikante (grappie).

Ons leefwêreld, die wêreld waarin ons elke dag lewe, raak al meer van die geloof in God verwyderd. Die Here God word nog net as 'n privaat god aanvaar, maar moet net nie inmeng in my lewe nie. Die lewe van die moderne samelewing is baie ver verwyder van die sfeer van die Sondagse kerkdiens.

Hoe ervaar ons die nuwe Suid-Afrika? Ons word nou geforseer om ons sondes te bely in die aandeel wat ons gehad het in die ou politieke bestel, wat op die Bybel gebaseer was. Wat in leerstelling en uitvoering goddeloos was. Wat het in die plek daarvan gekom?

Wat het daar van ons geordende en veilige samelewing geword? Dit lyk asof die **voorsienigheidsleer** se dae getel is, die herkenning van Gods se hand in die dinge van die dag raak al hoe moeiliker. Wat is my reaksie as my kar gesteel word, as daar in my huis ingebreek word?

Al hierdie dinge herinner my aan 'n popliedjie: *"There are more questions than answers, and the more I find out, the less I know."*
Ja, dit is so dat die meeste slagoffers val daar waar enkelinge, kerke en groepe vas geglo het in die standaard pakkie van waarhede, waardes, gebod en verbod. Onsekerheid en angs is die grootste daar waar mense net die ander dag nog geglo het in 'n leer wat soos 'n gebou deeglik en vas inmekaar gesit het. Dit lyk soms dat die kerk van alle tye in sommige opsigte nie veel van die evangelie verstaan het nie, en nou eers die Bybel in die regte lig lees (vra jou ouers uit oor die baanbreker boek *Klank en Weerklank)*. Ek dink ons is besig om weg te beweeg van diskussies oor die beginsels van Jesus Christus, na die getuienis van ons Verlosser.
Die eerste Christene het geleef in die sogenaamde voor-teologiese (teologie=leer van die kerk) periode, maar hulle geloof was so sterk in die lewendige Heer dat hulle bereid was om die marteldood vir Hom te sterf.

Ons lewe in die informasie era - met die druk van 'n knoppie het ons al die informasie beskikbaar wat ons soek. Die goeie, maar ook die slegte informasiemateriaal is net 'n "keystroke away". Met die kongres word daar van ons(jeug) gevra **om keuses te maak** as gevolg van ons **christenskap**.

Die besluit vir 'n sekere keuse is nie altyd eenvoudig en logies nie, dink byvoorbeeld aan "*In die wêreld maar nie van die wêreld nie*"; vreemdelingskap; navolging van Christus en toekomsverwagting ens.

Mag ons aan die hand van die onderwerpe wat gekies is vir bespreking op die kongres, ons lewe, wat 'n lewe uit dankbaarheid is, verryk.
'n Teologies korrekte antwoord is nie noodwendig 'n **geloofsantwoord** nie.

GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES AS WEERMAG TEEN DIE WÊRELD

Marti van Renssen

Met ‘n onderwerp soos hierdie is mens geneig om te dink in die rigting van

- Wat doen ons as kinders van God dat ons onsself as ‘n weermag teen die wêreld kan beskryf?
- Wat kan ons meer doen om die stryd beter te kan aanpak?
- Het ons al die wapens wat beskikbaar is in ons arsenaal?
- Hoe gaan ons bepaal wie is die vyand en wie is ons medesoldate?
- Watter strategie moet ons toepas?

Liewe leser, verstaan my nie verkeerd nie. Ek bedoel nie om te sê dat u nie besef dat die Heilige Gees die werk doen en ons slegs die instrumente is nie. Inteendeel, dit weet ons almal goed. Dit word ons elke Sondag voorgehou in die Woordverkondiging en ook as ons die Bybel bestudeer.

Die vraag is egter, besef ons die diepte van dit alles en besef ons die grootheid en almag van ons “Hemelse aanvoerder”. Is ons dus gedissiplineerde en gehoorsame soldate en ken ons die militêre reëls?
Voor ons begin met al die bogenoemde kan ons eers op ons eie kennis fokus t.o.v. waar ons harte teenoor die Here is. En die manièr om dit te doen sal wees deur in die Woord van die Here te gaan soek. Nie dat die Bybel noodwendig ‘n boek vol vrae en antwoorde is nie, maar die Bybel bevat die volle waarheid van God se reddingsplan.

Die aspek waarna ons in hierdie artikel wil kyk handel spesifiek oor die gemeenskap van die heiliges. Is dit dan nodig om te weet waar die nuwe testamentiese kerk sy ontstaan het?
Ek wil aan u stel dat op aarde, die “kerk” sentraal staan in die “Koninkryk”. Om die stelling te staaf gaan ons eers ‘n begeleide toer doen deur ‘n aantal skrifgedeeltes. Ons moet ook antwoorde vind op die volgende belangrike vrae.

a) Wat is die Koningryk van God?
b) Het dit reeds gekom?
c) Is dit belangrik om kerk toe te gaan?
d) Is dit belangrik na watter kerk toe ek gaan?

1) Daniel 2:31-45
Dit handel oor die droom van koning Nebukadnésar van die groot beeld wat uit goud, silwer, koper, yster en klei en hoe dat die hele beeld vergruis word deur ‘n rots wat die hele aarde vul.
Vers 44 sê dat in die dae van die koninkryk van yster en klei sal die ewige en oorheersende koninkryk in die plek kom.

2) Jesaja 2:2 en 3
Die profesie van Jesaja spreek daarvan dat al die nasies sal stroom na die huis van die Here op die top van die berge. Uit Sion sal die wet uitgaan en uit Jerusalem die Woord van die Here.

3) Mattheus 3:2
Hier praat Johannes die doper van die koninkryk wat naby gekom het. Dit het dus nog nie op hierdie stadium van die geskiedenis gekom nie.

4) Mattheus 4:17 waar Jesus sê: *“… bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.”*

5) Markus 9:1, waar Jesus sê: *“Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die koninkryk van God met krag sien kom het nie.”*

6) Mattheus 16:18 en 19
Petrus word deur Jesus aangewys as die rots waarop Hy Sy gemeente sal bou. Ook sal Petrus die sleutels van die koninkryk van hemele ontvang. Wat Petrus bind op aarde, sal in die hemel gebind wees. Wat Petrus ontbind op aarde, sal ontbind wees in die hemel.

7) Lukas 17:21
"*…die koninkryk van God is binne-in julle.”*

8) Handelinge 1:7
Reeds na Sy opstanding wys Jesus vooruit na die koms van die koninkryk, maar sê nie waar of wanneer dit gaan plaasvind nie.

9) Handelinge 2:1-9
Die Heilige Gees word oor die apostels uitgestort
Mense van alle nasies is in Jerusalem
Die koninkryk het gekom.

10) Handelinge 2:32-36
Jesus wat op hierdie aarde gekruisig was het ‘n plek verwerf aan die regterhand van God die Vader waarvandaan Hy die wêreld regeer. Hy het die belofte van die Gees ontvang van die Vader. Die Gees is op daardie pinksterdag uitgestort, ongeveer 1958 jaar gelede.

11) Handelinge 2:38

Petrus verduidelik hoe om die koninkryk te betree. Die eerste bekeerdes.
12) Handelinge 2:41-47
Die eerste gemeente. Hulle het volhard in

- die leer van die apostels
- die gemeenskap
- die breking van die brood
- die gebed

13) Mattheus 6:33
"…soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en al die ander (liggaamlike) behoeftes sal vir julle bygevoeg word". Ons moet dus eers ons eie hart aan die Here gee en Hom dien met alles wat in ons is. Dan sal dit vanselfsprekend wees om in gemeenskap met die heiliges te lewe.

Dit bevat, in kort, die ontstaan van die nuwe-testamentiese kerk. Op hierdie basis is die kerk uitgebou. Die res van die nuwe testament is gesaai met onderwysings oor hoe ons gemeenskap van die heiliges behoort te beoefen.

Laat dié wat voorstudie wil doen vir die onderwerp gaan soek in die nuwe testament na 'n aantal voorbeelde van onderwysings wat toepassing het op uitbouing en die onderlinge beoefening van die gemeenskap van die heiliges.

By die kongres sal ons verder bou op wat ons in die voormelde stuk gesien het. Laat ons dan ook bid vir die seën van die Here op die kongres en op Sy kerk.

GEBED EN BYBELSTUDIE AS BEWAPENING

Eugene Viljoen

Die tema van hierdie jaar se kongres gaan uit van die veronderstelling dat ons as Christene aangeval word. En dit is mos ook so. Ons word selfs deur die Woord van die Here geleer om te bid dat ons verlos word van die bose wat ons inderdaad aanval. Die manier waarop dit uitgelê word in die Heidelbergse Kategismus, is dat hierdie bose waarteen ons moet veg bestaan uit drie vyande. Drie doodsvyande. Dit beteken dat dit vyande is wat so wreed en geweldadig is dat hulle grootste begeerte niks minder is nie, as ons ewige dood! Ons vyande wil ons dood he.

Wie is hierdie vyande? Dit is die duiwel self, ons eie bose natuur en die wêreld. Hierdie vyande kan nie onderskat word nie. Daarom moet ons ook nie dink dat ons teen hulle kan veg uit eie krag nie. Wanneer die apostel Paulus skryf oor die bewapening van elke gelowige, begin hy deur die geweldige troos dat ons nie in die stryd hoef te stry in eie krag nie. Hy moedig die gelowiges in Efese aan om juis hulle krag in die krag van die Here te soek – "*word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.*" En dit is so belangrik om te weet dat ons nie mag en ook nie hoef te stry in eie krag nie. En dit is juis hier waar gebed en Bybelstudie so 'n belangrike rol speel.

Maar het ons dan nie al die oorlog verloor voordat ons begin veg het nie – voordat ons nog die wapenrusting aangetrek het nie? Byna soos wat die Israeliete gestaan en toekyk het hoe die heidense Goliat staan en spot met die magtige leër van die Here – nie een van hulle was eers bereid om 'n wapenrusting op te neem om teen Goliat te gaan veg nie. Behalwe Dawid – die jong skaapherder en toekomstige koning van Israel. Hy het baie duidelik geweet waar sy krag vandaan kom. Hy het Goliat tegemoet geloop, nie in eie krag nie, maar *in die naam van die Here*.

Die groot vraag is natuurlik ook hier wat die plek van Bybelstudie en gebed in ons lewe is, sodat ons soos Dawid kan stry teen die wêreld wat ons aanval. Is gebed en Bybelstudie, wat eintlik ons wapens moet wees, nie juis een van ons swakste plekke in ons mondering nie? Wat beteken dit dat gebed en Bybelstudie 'n manier is waardeur ons bewapen word? Is ons grootste stryd nie dalk om eers hierdie wapens "in die hande te neem" nie? Het "die wêreld" nie alreeds so naby aan ons gekom soos wat die bekende houtperd van Troje reeds binne die stad se mure is nie?

Ek het die uitnodiging gekry om 'n werkswinkel oor hierdie onderwerp met julle te hou op die komende kongres. Die lekker hiervan is dat ek hierdie keer al die vrae mag en gaan vra en julle moet die antwoorde gee! Ons gaan saam dink en luister na die Woord van die Here, sodat ons werklik bewapen kan word teen die aanvalle van die wêreld. Sien julle daar!!